Heilbronners in die huwelik bevestig

GF van Rooyen, seun van GF van Rooyen en Lindi Wium het met Tanya Green, dogter van Terence en Lize Green, op 7 April 2018 in die huwelik getree te Heidelberg. Die egpaar woon in die Heilbron distrik.

Jaco Hendriks, seun van Kobus en Marietjie Hendriks is met Anizel van der Watt, dogter van Hugo en Bebe van der Watt in die eg verbind op 24 Februarie 2018 by Vaal de Sioleh in Parys. Die egpaar vestig hul in Heilbron.

Danielle van der Westhuizen, seun van Barend en Trudie van der Westhuizen is op 9 Desember 2017 getroud met Anica Potgieter, dogter van Johannes en Carina Potgieter te Vaal de Sioleh in Parys.

George Newhoff, seun van Stoffel en Engela Newhoff is met Johane Pienaar, dogter van Petrus en Pia Pienaar getroud op 14 April 2018 te Vintage Yard.

Alwyn van Niekerk, seun van Hugo en Maryne van Niekerk van Bethlehem is met Nicola van Zyl, dogter van Ds Braam en Marina van Zyl van Heilbron getroud op 28 April 2018 te Francolin Creek. Die paartjie vestig nou in Bethlehem.

Carolina Louise Daniel, dogter van Robert en Marie Daniel en Gerhard Germishuizen, seun van Johannatjie Koen-Malherbe, is op 28 April 2018 in die eg verbind te Donsveertjie. Die paartjie vestig hulself in Heilbron. Foto erkenning: Dawie Fourie

Huis- en Tuinbou lede vergader

Leersame vergadering

Op Woensdag, 25 April het ongeveer 30 dames die Huis- en Tuinbou vergadering bygewoon.

Jakes Cronje van Protek, Heidelberg het hulle kom toespreek oor verskillende gifstowwe en kunsmis wat gebruik kan word in en om jou huis. Verskeie dames het, na vasvra, kunsmis en gifstowwe ontvang as geskenke.

Elsa Labuschagne het ons ingelig oor die Strelitzia plant en Annetjie Human van Bethlehem het die maak van 'n protea-papierblom gedemonstreer.

Verskillende mooi rangskikkings van verskeie papierblomme was te besigtig. Dit was voorwaar 'n leersame en aangename vergadering.